



TEGNOLOGIE

KWARTAAL 2

STRUKTURE

- DIE DOEL VAN STRUKTURE:
 - 1.) TOEMAAK
 - 2.) BESKERM
 - 3.) ONDERSTEUN
 - 4.) OORBRUG



Strukture word geklassifiseer onder MENSGEMAAK of NATUURLIK

TOEMAAK

As jy kyk na strukture soos 'n eier se dop of 'n blikkie waarin koeldrank is, word die inhoud van die dop en blikkie beskerm deurdat dit toegemaak is. Die kan dus nie uitval nie.

BESKERM

Elkeen van ons is nou al 'n geruime tyd vasgevang in ons huise. Dit is 'n goeie voorbeeld van beskerming, aangesien jy veilig is teen misdadigers, weersomstandighede ens. Dink aan nog 'n paar voorbeelde wat beskerming gee vir die mens, dier en selfs plante.

ONDERSTEUN

Toe jy 2 jaar oud geword het, kon meeste van julle (of so hoop ek) al regop staan. Jou voete en bene het jou daarin ondersteun. Jou huis se dak word ook ondersteun deur balke wat daarin is sodat dit darem bo bly. In die handbook op p. 40 kan jy ook 'n staalstruktuur sien by die vuurpyl wat dit regop hou.

OORBRUG

Die hoofdoel van 'n struktuur wat oorbrug is dat dit oor 'n gaping (spasie) gaan. Die beste voorbeeld is 'n brug wat bo-oor 'n rivier of hoofweg span. Die word ook ondersteun deur stutte, maar die hoofdoel van die brug is om.... te oorbrug!
:)

• SOORTE STRUKTURE:

1.) DOPSTRUKTURE

Hulle is gewoonlik geboë.

- Voordele :
- * Baie sterk
 - * Geen interne steun (daar is geen inwendige ondersteuning nie)
 - * Struktuur kan baie druk en stres hanteer
 - * Probeer die eier-toets op p.42 doen as jy kans sien!

2.) RAAMSTRUKTURE

- * Dit het 'n skelet. Dit is maar die naam wat gegee is aan die raam waaruit dit bestaan.
- * Sommige strukture het 'n vel (membraan) oor. Dit is soos dakteëls wat die balke van die dak bedek.
- * Strukture sonder 'n vel, word OOP-RAAMSTRUKTURE genoem. Dink aan kragtorings.

3.) SOLIEDE STRUKTURE

- * Word ook MASSASTRUKTURE GENOEM
- * Soliede materiaal word op mekaar gestapel
- * Eenvoudigste manier om 'n struktuur te skep.